LUG JOU MENING

Wetsontwerp op Kubermisdade [B 6B-2017] (Nasionale Vergadering – art 75)

Oproep om Skriftelike Voorleggings

Die Gekose Komitee oor Veiligheid en Justisie nooi belanghebbendes en belangstellende persone om skriftelike voorleggings oor die **Wetsontwerp op Kubermisdade [B 6B-2017]** (Nasionale Vergadering – art 75) in te dien.

Die **Wetsontwerp op Kubermisdade** beoog, ondere andere, om:

- **misdrywe te skep wat betrekking het op kubermisdaad;**
- **die verspreiding van databoodskappe wat kwaadwillig is te kriminaliseer en om vir tussentydse beskermingsbevele voorsiening te maak;**
- **jurisdiksie ten opsigte van kubermisdade verder te reël;**
- **die bevoegdhede om kubermisdade te ondersoek verder te reël;**
- **aspekte met betrekking tot wedersydse bystand in verband met die ondersoek van kubermisdade verder te reël;**
- **voorsiening te maak vir die totstandbringing van 'n aangewysde Punt van Kontak;**
- **verder voorsiening te maak vir die bewys van sekere feite by wyse van beëdigde verklaring;**
- **verpligtinge in te stel om kubermisdaad aan te meld;**
- **voorsiening te maak vir vermoëbou; en**
- **voorsiening te maak dat die uitvoerende gesag ooreenkomste met buitelandse state mag aangaan om maatreëls te bevorder wat onder andere gerig is op die vasstelling, voorkoming, versagting en ondersoek van kubermisdade.**

Skriftelike voorleggings moet **teen nie later nie as 8 Maart 2019** ontvang word.

'n Versoek vir afskrifte van die wetsontwerp, skriftelike voorleggings en navrae moet gerig word aan mnr G Dixon, Gekose Komitee oor Veiligheid en Justisie, Derde Vloer, Kantoor 133, Pleinstraat 90, Kaapstad, 8001 of per e-pos aan gdixon@parliament.gov.za of faks 086 658 9371 gestuur word.

Uitgereik deur agb S G Mthimunye, LP, Voorsitter: Gekose Komitee oor Veiligheid en Justisie.